



eduresourceza.com

Sproeireën – DJ Opperman

Sproeireën

1 My nooi is in 'n nartjie,
2 my ouma in kaneel,
3 daar's iemand ... iemand in anys,
4 daar's 'n vrou in elke geur!

5 As ek 'n stukkie nartjieskil
6 tussen my vingers buig of knak,
7 breek uit die klein sproeireën
8 wat geurend om my hand uitsak,
9 die boorde weer van Swartfoloos
10 en met die nartjies om my heen
11 weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

12 O my nooi is in 'n nartjie,
13 my ouma in kaneel,
14 daar's iemand ... iemand in anys,
15 daar's 'n vrou in elke geur!

Titel

Sproeireën – vog wat uit die nartjieskil kom.

Dit is 'n liefdesgedig.

Tema

Die spreker **eer die vrou** en daar is vir hom 'n vrou in elke geur.

Boodskap

Vroue speel 'n positiewe rol.

Stemming/Toon

Romanties/vrolik/spelerig

Tipografie/Struktuur/BouUiterlike bou:

- 3 strofes
- 15 versreëls
 - 4 reëls (kwatryn) / 7 reëls / 4 reëls
- Strofe 3 = herhaling van strofe 1 = refrein
 - Gee die effek van 'n liedjie.

Vrye vers

Geen vaste rymskema nie.

Ek-spreker

Ek-spreker is 'n man want hy praat van sy nooi (meisie).

- nooi = sy geliefde/vriendin
- Funksie = maak die gedig persoonlk.

Sinestesie (Sintuiglike waarneming)

Hy voel, sien en ruik.

Reuke = Herinneringe (memories)

Die **reuksintuig** speel 'n belangrike rol in die gedig.

Strofe 1

Bepaalde geure/reuke herinner die spreker aan sekere vrouens.

1 My nooi is in 'n nartjie,

Figuurlike / Denotatiewe taalgebruik want sy nooi kan nie letterlik in 'n nartjie wees nie.

- Die skerp geur van 'n nartjie laat die spreker aan sy nooi (sy meisie/geliefde/die vrou in sy lewe) dink.
- Nartjie = sitrusvrug
- Herhaling van die klank "n" = alliterasie



2 my ouma in kaneel,

Figuurlike taalgebruik:

Die geur van kaneel is vir hom sinoniem met sy ouma.

- Kaneel = pannekoek / melktert / broodpoeding (sy ouma het waarskynlik vir hom pannekoek gebak)
- Kaneel = spesery



3 daar's iemand ... iemand in anys,

Die skerp, skoon geur van anys verteenwoordig ook 'n vrou vir hom, MAAR

- hy kan nie onthou wie nie.
- Die persoon moes vir hom belangrik gewees het, want hy probeer hard om te onthou.
 - herhaling van iemand:
 - hy probeer dink wie dit is.
 - onseker oor wie die persoon is.
 - Ellips – hy **dink**/wonder wie die persoon is.
 - laat die leser ook daarvoor dink.
 - Inligting ontbreek (die naam van die vrou)
- Elisie/klankweglating – daar's = daar is



- ritme vinniger te maak.
- Anys word gewoonlik in beskuit gebruik.
- Anys is 'n geurmiddel en word ook in medisyne gebruik.
- Anys is 'n **spesery** met 'n skerp smaak.
- Drop (liquorice) ruik soos anys.

4	daar's n vrou in elke geur!
---	-----------------------------

Elke soort vrou het 'n bepaalde geur.

- Dit is 'n unieke eienskap van elke vrou.
 - Die geur van elke vrou onderskei hulle van mekaar.
 - Elke vrou het 'n geur. (geur = aangenaam)
- Uitroepteken – beklemtoon dat elke vrou 'n bepaalde geur het.
 - Ekstase/bewondering/verrassing.
 - Geur i.p.v. reuk: al die reuke is aangenaam.
 - Vroue speel 'n positiewe rol in die spreker se lewe.

Strofe 1/3: Inkeping – Beklemtoon die refrein

Strofe 2

In hierdie strofe is 'n spesifieke herinnering aan 'n bepaalde liefdeservaring.

5	As ek 'n stukkie nartjieskil
6	tussen my vingers buig of knak,
7	breek uit die klein sproeireën
8	wat geurend om my hand uitsak,

buig = omvou

knak = breek

sproeireën = fyn druppeltjies sap wat vrygestel word

geurend = aangename/lekker reuk

As hy die nartjieskil buig of knak, kry hy die heerlike geur van die nartjie EN

- dit herinner hom dan aan sy nooi.
 - Die geur van die nartjieskil is die geur wat hy met sy nooi assosieer.



- Die geur is om sy hande/rondom sy hande.
 - Die sap/sproeireën wat uit die skil kom, kan hy aan sy hande ruik.
- Reël 7 – **STYLFIGUUR**: Inversie (omgekeerde woordorde)
 - Beklemtoon dat die geur **uitbreek** en sodoende om sy hande versprei.
- Enjambement – ritme word vinniger.
 - Laat die gedig vloei.

9	die <u>boorde</u> weer van Swart <u>foloos</u>
---	--

boorde = vrugtelanings

Swartfoloos = Swart Umfolozirivier in KwaZulu-Natal

Hierdie geur wat om sy hande is (reël 8), laat hom aan die nartjieboorde van die Swart Umfolozirivier in Natal (reël 9) dink.

“weer” = Hy is bekend met die boorde van die Swartfoloos.

- Hy het jeugherinneringe oor die boorde van die Swartfoloos.
- Assonansie – herhaling van die “oo”-klank



10	en met die nartjies om my heen
11	weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

Hy dink terug aan die kosbare tye (tydens sy grootworddae) wat hy en sy nooi tussen die nartjiebome in die boorde deurgebring het (reël 10).

- Haar vriendskap was vir hom vertroostend/het hom kalmeer/gelukkig gemaak.
- Die tye in die nartjieboorde saam met sy geliefde sal altyd kosbaar in sy gedagtes bly.

Strofe 2 bestaan uit 7 versreëls: 7 is die getal van volmaaktheid.

- Dit kan suggereer dat die spreker 'n boodskap wil oordra dat vroue volmaak is net soos wat hulle is.

Enjambement = laat die gedig vloei.

* (In Vlymskerp word genoem dat die boorde van Swartfoloos die spreker aan sy ma/ouma/tannie laat dink wat hom daar vertroos het toe hy 'n kind was. Geen verdere bevestiging hiervan kon in enige ander bronne gevind word nie. Ons volstaan dus dat dit sy nooi is wat hom daar in die boorde vertroos het want dit is hoekom die geur van nartjies hom aan sy nooi laat dink.)

Strofe 3

12	O my nooi is in 'n nartjie,
13	my ouma in kaneel,
14	daar's iemand ... iemand in anys,
15	daar's 'n vrou in elke geur!

Reël 12 – “O” – dit dui die ekstase / bewondering van die spreker aan.

- Die herhaling van strofe 1 en 3 = gee aan die gedig die effek van 'n liedjie. (Die gedig is siklies = die gedig begin en eindig met dieselfde refrein.)
- Ritme word geskep.
- Inkeping/spasie – beklemtoning van strofe 1 en 3.
- Drie aangename reuke word met vroue geassosieer: Nartjie, kaneel en anys.
- Progressie: Strofe 3 begin met “O” – verdere bewondering en verwondering.

VRAE:

- 1 Waarna verwys die titel “Sproeireën” in die gedig? (1)
- 2 Wat is die funksie van die refrein in die gedig? (1)
- 3 Waarom word daar inkeping in strofe 1 en 3 gebruik? (1)
- 4 Noem TWEE vrouens wat 'n groot rol in die spreker se lewe gespeel het. (2)
- 5 Waarmee assosieer die spreker sy geliefde? (1)
- 6 Hoekom, dink jy, is kaneel 'n geur waarmee 'n ouma gereeld geassosieer kan word? (1)
- 7 Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies.
 “My nooi is in 'n nartjie” (reël 1) is 'n voorbeeld van (alliterasie / assonansie). (1)
- 8 Met watter geur assosieer die spreker sy
 8.1 ouma? (1)
 8.2 nooi? (1)
- 9 “My nooi is in 'n nartjie” (versreël 1).
 9.1 Word die versreël DENOTATIEF of KONNOTATIEF gebruik? (1)
 9.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 9.1. (1)
- 10 Wat is die funksie van die ellips in reël 3? (1)
- 11 Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies.
 “daar's” in reël 3 is 'n voorbeeld van (elisie / inversie). (1)

- 12 Wat word met versreël 4 bedoel? (1)
- 13 Wat kon die spreker nie meer goed onthou nie? (1)
- 14 Hoekom word die woord “iemand” herhaal? (versreël 3) (1)
- 15 Van watter assosiasie is die spreker nie heeltemal seker nie? (1)
- 16 Wat is die funksie van die uitroepteken aan die einde van reël 4? (1)
- 17 Voltooi die stellings met EEN WOORD.
- 17.1 Die spreker stel ‘n vrou gelyk aan ‘n ... (1)
- 17.2 Die spreker vind in elke geur wat hy ken, ‘n ... (1)
- 17.3 Volgens die spreker ontstaan ... wanneer ‘n nartjieskil gebuig word. (1)
- 17.4 Die “Swartfoloos” verwys na ‘n ... in Natal. (1)
- 18 Noem die DRIE geure wat in die gedig voorkom. (3)
- 19 Watter EEN WOORD uit die gedig beteken “**n gedeelte**”? (1)
- 20 Watter WOORD uit die gedig het dieselfde betekenis as “breek”? (1)
- 21 Noem TWEE maniere hoe ‘n mens die nartjie se geur kan vrystel. (2)
- 22 Na watter “sproeireën” word daar in die gedig verwys? (1)
- 23 Waarvandaan het die sproeireën gekom? (1)
- 24 Wat het die spreker gedoen om die sproeireën te kry? (1)
- 25 Met watter sintuie het die spreker die sproeireën ervaar? (3)
- 26 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan om te bewys dat die druppels sap nie groot druppels was nie. (1)
- 27 Haal ‘n WOORD aan wat vir ons aandui dat die spreker van die reuk van die nartjiesap gehou het. (1)
- 28 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 28.1E.
- 28.1 **Geurend** beteken ...
- A ‘n reuk.
- B ‘n slegte reuk.
- C geen reuk nie.
- D ‘n aangename reuk. (1)

28.2 “Sproeireën” beteken ...

- A reëndruppels wat die grond nat maak.
B reën oor 'n wye gebied.
C fyn druppeltjies vog.
D dou op die grond. (1)
- 29 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan wat daarop dui dat die sap op die spreker se hand begin val. (1)
- 30 Waar is die nartjieboorde geleë waaraan die spreker in die gedig gedink het? (1)
- 31 Hoe het die spesiale vrou hom in die nartjieboorde laat beter voel? (1)
- 32 Wat is die funksie van die inversie wat in reël 7 voorkom? (1)
- 33 Watter WOORD verwys na 'n aantal vrugtebome? (1)
- 34 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die vraag mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 34E.
- Daar is 'n spesifieke “iets” wat die spreker laat dink hoe 'n vrou iemand kan troos. Wat sou jy sê is die “iets”?
- A kaneel
B nartjies
C rivier
D anys (1)
- 35 Hoekom het die spreker teruggedink aan die “boorde weer van Swartfoloos”? (versreël 9) (1)
- 36 Waar sal 'n mens baie vrugtebome bymekaar vind? (1)
- 37 Die spreker bevind homself op 'n stadium tussen al die nartjiebome.
Haal 'n versreël aan om die stelling as WAAR te bewys. (1)
- 38 Waaraan het die spreker gedink toe hy omring is deur die geur van nartjies? (1)
- 39 Die spreker het nie sy geliefde wat kan troos, geken nie.
Verduidelik hoekom die stelling VERKEERD is. (1)
- 40 Voltooi: “die boorde weer van Swartfoloos” is 'n voorbeeld van ... (1)
- 41 Waarom is vroue, volgens die spreker, verskillend van mekaar? (1)

- 42 Wanneer is die spreker se herinneringe teruggevoer na sy kinderdae? (1)
- 43 Watter eienskap van vroue is vir die spreker universeel? (1)
- 44 Aan watter TWEE dinge herinner die sproeireën die spreker? Haal TWEE versreëls aan. (2)
- 45 Wat noem ons die gedeelte van 'n plaas waar baie vrugtebome geplant word? (1)
- 46 Watter sintuig in die gedig staan uit? (1)
- 47 Wat is die funksie van die "O" in die laaste strofe? (1)
- 48 Tot watter gevolgtrekking het die spreker aan die einde van die gedig gekom? (1)
- 49 Hoe het die spreker vroue in die algemeen ervaar? (1)
- 50 Hoekom sou jy sê is hierdie gedig 'n vrye vers? (1)
- 51 Hierdie gedig verwys na die invloed van vroue op die spreker se lewe. Hoekom kan die invloed as positief beskryf word? (1)
- 52 Voltooi die paragraaf telkens met EEN WOORD uit die gedig.
- Wanneer 'n mens die nartjieskil knak (52.1) ... 'n klein sproeireën uit wat (52.2) ... is en om die spreker se (52.3) ... uitsak. Die spreker ontmoet 'n spesiale vrou by die Umfolozirivier se (52.4) ... waar hy weet hoe sy kan (45.5) (5)
- 53 Gee 'n voorbeeld van KONNOTATIEWE taalgebruik in die gedig. (1)
- 54 Haal 'n versreël aan wat daarop dui dat elke vrou 'n unieke reuk het. (1)
- 55 Die reuk van 'n nartjie laat die spreker aan sy nooi/meisie dink. Waaraan herinner die geur van nartjies hom ook volgens strofe 2? (1)

ANTWOORDE:

- 1 Dit verwys na die vog wat uit 'n sitrusvrug se skil kom wanneer jy die skil knak of breek of buig. (1)
- 2 Dit gee aan die gedig die effek van 'n liedjie. (1)
- 3 Om die refrein te beklemtoon. (1)
- 4 Sy nooi, ouma (ma, tannie.) (2)
- 5 Met die geur van 'n nartjie. (1)
- 6 Oumas hou gewoonlik daarvan om te bak/om kos met kaneel in, te maak. (1)
- 7 Alliterasie (1)
- 8.1 kaneel (1)
- 8.2 nartjie (1)
- 9.1 Konnotatief (1)
- 9.2 Sy nooi kan nie letterlik in 'n nartjie wees nie – dit is die reuk van die nartjie wat hom aan sy nooi laat dink. (1)
- 10 * Dit dui aan dat die spreker nadink oor die vrouens wat 'n rol in sy lewe gespeel het/steeds speel.
* Die spreker wonder/dink wie in anys is.
* Inligting ontbreek (hy kan nie die naam van die vrou onthou nie). (1)
- 11 elisie (1)
- 12 Elke vrou het 'n bepaalde geur. (1)
- 13 Hy kon nie onthou wie in anys is nie / Hy kon nie onthou aan wie die geur van anys hom laat dink nie. (1)
- 14 Hy bly wonder/dink wie in anys is / Hy kan nie onthou wie in anys is nie. (1)
- 15 Wie in anys is. (1)
- 16 * Dit dui aan dat die spreker vreugde ervaar.
* Dit beklemtoon die positiewe rol wat vrouens in sy lewe speel. (1)
- 17.1 geur/~~reuk~~ (geur is 'n aangename reuk, terwyl reuk goed of sleg kan beteken) (1)
- 17.2 vrou (1)
- 17.3 sproeireën (1)
- 17.4 rivier (1)

- 18 nartjie, anys, kaneel (3)
- 19 “stukkie” (1)
- 20 “knak” (1)
- 21 Buig of knak die nartjieskil (2)
- 22 Die fyn druppeltjies water wat vrygestel word wanneer jy die nartjieskil buig of knak. (1)
- 23 Van die nartjieskil as jy dit buig of knak. (1)
- 24 Hy het die nartjieskil gebruik of geknak. (1)
- 25 * Reuksintuig
* Tassintuig
* Sig/Visuele sintuig (3)
- 26 “klein sproeireën” (1)
- 27 “geurend” (1)
- 28.1 D – ‘n aangename reuk (1)
- 28.2 C – fyn druppeltjies vog (1)
- 29 “hand uitsak” (1)
- 30 Swart Umfolozirivier in KwaZulu-Natal (1)
- 31 Sy het hom getroos/Hy het beter gevoel. (1)
- 32 Beklemtoon dat die geur uitbreek en om sy hand versprei. (1)
- 33 “boorde” (1)
- 34 B – nartjies (1)
- 35 Dit was ‘n goeie herinnering toe ‘n spesiale vrou hom getroos het. (1)
- 36 In boorde (1)
- 37 “en met die nartjies om my heen” (1)
- 38 Hoe hierdie spesiale vrou (sy nooi/meisie) hom getroos het. (1)
- 39 Sy nooi/geliefde/ma/tannie/ouma het hom daar getroos. (1)
- 40 assonansie (1)

- 41 Elkeen het 'n bepaalde/unieke reuk. (1)
- 42 Wanneer hy kaneel ruik want sy ouma het waarskynlik vir hom pannekoek /iets spesiaal gebak. (1)
- 43 Alle vroue ruik lekker/het 'n aangename reuk. (1)
- 44 * "die boorde weer van Swartfoloos"
* "weet ek hoe dat 'n vrou kan troos" (2)
- 45 (Vrugte)boorde (1)
- 46 Reuksintuig (1)
- 47 Dit dui op sterk emosie / Dit beklemtoon die spreker se verwondering / bewondering oor 'n vrou. (1)
- 48 Daar is 'n vrou in elke geur / Elke vrou het 'n unieke reuk. (1)
- 49 Hulle ruik lekker. / ~~Vroue is baie spesiaal vir hom en elkeen is uniek.~~ (1)
- 50 Daar is geen vaste rymskema nie. (1)
- 51 Hulle ruik vir hom lekker. / Hulle laat hom goed voel. (1)
- 52.1 breek
52.2 geurend
52.3 hand
52.4 boorde
52.5 troos (5)
- 53 "My nooi is in 'n nartjie" "my ouma in kaneel" (1)
- 54 "daar's 'n vrou in elke geur" (1)
- 55 Hoe 'n vrou (dalk sy ma/tannie/ouma) hom daar in die nartjieboorde getroos het. (1)